MOEDERKERK
KRUISKERK

www.moederkerk.co.za / www.kruiskerk.co.za

337 jaar van genade
1686—2023

'n Rivier van Lewende Water

NGK Stellenbosch

# Gemeenteblad

Jaargang 23: Die jaar van SIEN en SEËN: 2023

# Wie sien vir wie?




Anselmus (een van ons vroeë kerkvaders) skryf die volgende gebed:

*Leer my om U te soek*
*en openbaar Uself aan my*
*soos wat ek na U soek;*
*want as U my nie beweeg nie*
*kan ek U nie soek nie en*
*as ek U nie soek nie*
*kan ek U nie vind nie.*
*Laat my U soek om U te begeer*
*en laat ek U begeer, sodat ek U sal bly soek.*
*Laat my U vind omdat ek U liefhet*
*en laat my U liefhê wanneer ek U vind.*

Die wederkerigheid van die verhouding tussen God en mens word deur die ou kerkvader Anselmus in die gebed so mooi verwoord. 'n Mens hoor in die gebed iets van God se diep verlange na die mens, maar ook die diep verlange van die mens na God – van 'n wederkerige verhouding van gee en ontvang, van liefhê en liefde ontvang, van sien en gesien word.

*Vervolg op 2*

## Ons droom God se drome...

Daar is baie mense in ons land wat gestry het vir vryheid en geregtigheid in baie vorme: sommige op kreatiewe en bitter wyses binne 'n ou bedeling en ander weer binne 'n nuwe bedeling. Ons moet aanhou werk met die geloof dat onverdiende swaarkry bevrydend is. Wanneer ons uitmekaar gaan uit enige erediens, moet ons teruggaan na Pretoria, teruggaan na Polokwane, teruggaan na Porterville, Potchefstroom en Patensie, Stellenbosch en oral waar ons woon en werk, en wéét dat daar steeds hoop is.


Ons moet nie vertoef in die vallei van wanhoop nie. Nee, terwyl ons as gelowiges die uitdagings van ons land in die gesig staar, het ons nog altyd 'n droom. *Dit is 'n droom wat diep gewortel is in God se droom vir ons en vir ons land.* Ons koester steeds daardie droom.

Dit is die droom dat almal in Suid-Afrika 'n werk kry; dit is die droom dat armoede uitgeroei word; die droom dat onderwys op peil kom; dat al ons mense huise en toegang tot water het; dat almal gelyke geleenthede het; dat ongelykheid drasties verminder; dat geweld tot 'n einde kom; dat korrupsie hokgeslaan word, en dat vertroue herstel word. *Dit is 'n droom wat diep gewortel is in God se droom vir ons en vir ons land.* Ons koester steeds daardie droom.

*Vervolg op 2*

**Kyk binne vir:**


**Indlela 3**


**Kleurglasvensters 6**


**Wiskundeskool 10**


**Kruiskerkatlete 12**


**Kruiskerk-TWA 14**


**Utopia 16**


**Huisgeloof 17**


**Kleuterkerk 20**

**Hoofberig** ***voortgesit***

Dit herinner my ook aan die woorde van Augustinus *noverim me noverim te* – laat my U ken, Here, dan sal ek myself ken. Dit is ook die diep wysheid van Johannes Calvyn as hy noem dat self-kennis en Godskennis die belangrikste twee fasette van die lewe is. En dat ’n mens nie altyd weet watter een eerste kom nie, want hoe beter jy God leer ken, hoe beter leer ken jy jouself en hoe beter jy jouself leer ken hoe beter leer ken jy vir God. Ook hierin word die wederkerigheid van ons verhouding met God beklemtoon.

Ons as gemeente het vanjaar gekies om ons jaartema, “Raak-gesien” te maak. Maar nou die vraag: wie sien vir wie? Een van die verhale in die Bybel wat hierdie ervaring van “raakgesien” die beste vervat, is die verhaal van Hagar in *Genesis* 16:1-16. In Genesis 16 lees ons hoe Sarai voorstel dat Abram by die Egiptiese slavin Hagar slaap om sodoende ’n kind te verwek, aangesien Sarai nie kon kinders kry nie. Nadat Hagar hierna swanger word, lees ons, het Sarai haar sleg behandel.

Uiteindelik vlug Hagar die woestyn in, en word sy inderdaad die eerste persoon in die Bybel wat deur ’n engel besoek word. Die boodskapper kondig aan dat sy ’n seun in die wêreld sal bring, en dat sy hom Ismael moet noem, ’n naam wat “God hoor” beteken. Wat merkwaardig is in dié gedeelte is dat Hagar God dan aanspreek as El Roi – die God wat sien (*Genesis* 16:13). Hagar het toe die naam van die Here wat daar met haar gepraat het, aangeroep en gesê: “U is die God wat my sien! Hier het ek Hom gesien wat my gesien het.”

Ook in hierdie ervaring van Hagar hoor ons die wederkerigheid van haar verhouding met God. God sien haar en sy sien vir God en binne hierdie ontmoeting en ervaring breek lewe oop. God sien vir Hagar en Hagar sien vir God.

Ons word genooi tot ’n wederkerige verhouding met God. Juis daarom in die tye waarin ons vandag leef, is dit nodig om te stop en te sién ... te sien dat God raaksien: dit wat goed is, maar ook die




ellende, die misdaad, die onreg rondom ons. Juis daarom word ons genooi om dieper te kyk en God te sien, wat óns sien en ook sáám met Hom te kyk na dit dit wat ons dikwels miskyk.

Dit is in die lewe van Jesus waar ons God leer sien as die Een wat ons ellende sien en daarom kies om self tussen ons te kom leef, om God-met-ons te wees. Wat vir ons kom wys hoe om mens te wees, lief te hê, ander raak te sien, ook hulle wat dikwels misgekyk word. Dit is binne hierdie wederkerige verhouding met God waar ons genooi word om elke dag te leef op die voetspore van Jesus. Dan leer ons om ook verder te kyk as onsself en ook ander en die ander rondom ons raak te sien.

Dit is slegs dán dat ons as gemeente ’n rivier van lewende water sal wees wat deur ons gemeente en ons gemeenskap vloei om lewe en hoop bring – wat raaksien!

**Marié Britz**
**marie@moederkerk.co.za**
**0845151629 / 021 883 3458**

## God se Droom voortgesit

Dit is die droom dat ons kinders eendag sal leef in ’n land waar hulle nie beoordeel sal word op grond van hul velkleur, geslag, finansiële status of enige ander onderskeiding nie, maar op grond van die inhoud van hul karakter. *Dit is ’n droom wat diep gewortel is in God se droom vir ons en vir ons land.* Ons koester steeds daardie droom.

Dit is die droom dat elke laagte in ons land opgevul sal word en elke berg en rant gelykgrond sal word, die ruwe plekke glad gemaak sal word en die krom plekke reguit. “Dan sal die mag van die Here geopenbaar word; en almal wat leef, sal dit sien.” Met hierdie geloof kan ons uit die berg van wanhoop ’n steen van hoop kap. Met hierdie geloof kan ons die vals klanke van ons nasie omvorm tot ’n pragtige simfonie. Met hierdie geloof sal ons kan saam werk, saam bid, saam stry, saam moeilike situasies deurstaan, saam opstaan vir vryheid, wetend dat ons almal God se kinders is.

**Aktueel bladsy 2**

Laat vryheid daarom opklink vanaf die eskarp in Mpumalanga.
Laat vryheid opklink vanaf die trotse berge van die Boland.
Laat vryheid opklink vanaf die maanhaarruggies van die Groot Karoo.
Laat vryheid opklink vanaf die pieke van die Drakensberge.
Laat vryheid opklink vanaf die duine van die Kalahari.
Laat vryheid opklink vanaf elke koppie in die Bosveld.
Laat vryheid opklink vanaf elke piek en molshoop van die Tuinroete.
Laat vryheid opklink vanaf elke berg in ons mooi land...

… Laat vryheid óók opklink vanaf die sneeubedekte Pieke van Stellenbosch ... die Pieke wat troon bo die mees ongelyke samelewing in ons land. *(bygevoeg deur Redakteur)*



En wanneer dít gebeur, wanneer ons toelaat dat vryheid só opklink, wanneer ons dit laat opklink vanuit elke dorpie en elke township, vanuit elke provinsie en elke stad, dan sal ons dit regkry om daardie dag vinniger te laat aanbreek wanneer al God se kinders sal kan hande vat. Dit sal gebeur omdat ons drome veranker is in die droom van die drie-enige God wat met ons was; die drie-enige God wat met ons is; die drie-enige God wat reeds in ons toekoms vir ons wag. *Daarom, en ten spyte van moeilike omstandighede, droom ons God se droom vir ons land.*

Aanpassing (deur die Algemene Sinode) van Martin Luther King se “*I have a dream...*”

*Bemiddel deur Johan van der Merwe*

## DRIE GEMEENTES KUIER SAAM BY KAYAMANDI



# INDLELA: BROERS EN SUSTERS VOLG DIE WEG SAAM



**Daar is 'n Afrika-spreekwoord** wat sê: *"As jy vinnig wil stap, stap alleen. As jy ver wil stap, stap saam met mense."* In ons Indlela kwartaallikse byeenkomste, leer ons die belangrikheid daarvan om *saam* te stap. Moederkerk en die VG Gemeentes van Idasvallei, Cloetesville en Kayamandi stap dié pad al vir agt jaar saam. Ons byeenkomste vanjaar sluit aan by ons gemeente se jaartema van *Raak-gesien.*

Met ons eerste en tweede byeenkomste, wat onderskeidelik deur Moederkerk en Idasvallei gehuisves is, het Robert Vosloo, lidmaat van Moederkerk en hoogleraar in Sistematiese Teologie aan die Fakulteit Teologie, ons gesprekke ingelei. Hy het in die eerste semester sy sabbatsverlof gewy aan navorsing oor die onderwerp van *Recognition.* Vir ons gesprek het hy uit sy navorsing "9.5 stellinge" geformuleer om ons te rig.

**Nege-punt-vyf stellinge oor (H)erkenning ("*Recognition*") – met apologie aan Martin Luther**

1. Dit is aangenaam as iemand jou herken of erken en pynlik as hulle jou nie herken of erken nie. Miskenning en disrespek bring dikwels hartseer, woede en trauma. Dit laat wonde en littekens.
2. Baie van vandag se stryd vir geregtigheid en menswaardigheid is 'n stryd om die erkenning van ons *self*, van ons identiteit.
3. Erkenning is dalk nie net iets positiefs nie, maar dikwels ook 'n probleem. Ons behoefte na erkenning kan ons gevange hou in 'n soort patologie van onderdrukking.
4. Erkenning sonder aandag aan strukturele en sistemiese geregtigheid (ook op sosiale en ekonomiese vlak) is goedkoop erkenning.
5. Teologiese besinning oor (h)erkenning kan aansluit by ryk Bybelse bronne wat die tema van miskenning en (h)erkenning aan die orde stel. Dink maar aan *Genesis* 16, *Lukas* 19, *Johannes* 20.
6. 'n Etiek en teologie van (h)erkenning is bewus van die belangrikheid van liggaamlike gebare as uitdrukking van wedersydse herkenning. Dikwels spreek hierdie gebare van oorvloedigheid en genade.
7. Wedersydse erkenning in ons verhoudinge vra vir die bevestiging van ons gedeelde menslikheid, asook dat ons mekaar se uniekheid en partikulariteit vier. Teologies uitgedruk: ons is almal na die beeld van God geskape (en daarom tegelykertyd eenders én anders).
8. 'n Teologie van (h)erkenning ontspring uit die gedagte dat ons op 'n fundamentele vlak deur God erken word. Die leerstuk oor die regverdiging van die geloof deur die genade dui byvoorbeeld hierop.
9. 'n Etiek van erkenning bevestig die verband tussen erkenning en erkentlikheid, tussen genade en dankbaarheid. En hierdie dankbaarheid bring 'n ander uitkyk, 'n soort eucharistiese (h)erkenning wat maak dat ons ook in mekaar, die natuur en die gewone lewe iets van God se genade en goedheid oplet.

**En dan:**


"9.5" Ons *herken*, *erken* en *ken* in hierdie lewe ***slegs ten dele*** (vgl. 1 *Korintiërs* 13).

**By ons derde byeenkoms van die jaar** is ons hartlik deur die VG Gemeente Kayamandi ontvang. Om ons tema van *Raakge-sien* verder uit te brei, het ons by die gesprek die resente boek van Hombakazi Mercy Nqandeka "*Don't upset ooMalume! - A Guide to stepping up your Xhosa Game"* as inleiding gebruik.

Hombakazi is 'n jong Xhosavrou wat in die Bulungula distrik in die Transkei grootgeword het. Na matriek het sy haar landboustudie aan die Universiteit van Fort Hare voltooi en daarna 'n meestersgraad in Ierland en Frankryk verwerf. In haar tyd in Europa het sy opnuut die waarde van haar eie kultuurskatte en wortels ontdek en besef dat baie jongmense, veral dié wat verstedelik het, hulle eie kultuur versaak het omdat baie nie meer weet van al die gebruike en rituele nie.

In hierdie boek, waar elke hoofstuk in beide Engels en Xhosa aangebied word, vertel sy van die ryke Xhosakultuur, gebruike en -rituele.

In ons gesprek het ons kans gegee vir stemme uit ons verskillende kultuur- en ouderdomsgroepe, asook dié van ons vriende van die Inter-nasionale Bediening wat saam gekuier het, en wat uit Indië en Srilanka kom, om elkeen hulle ervarings van ons diverse land met sy rykdom in kultuur te deel.




Tydens die gesprek het ons besef hoe belangrik dit is dat ons ons van mekaar se kultuurskatte sal vergewis en hoe dit ons kan help om beter begrip en verstaan van mekaar te hê. Verder het ons besef ons dat ons met baie groter sensitiwiteit kan en moet optree om mekaar te akkommodeer – al is dit net om inklusief te wees wanneer ons as diverse groepe saam vergader en om 'n taal te praat wat almal insluit.

Dit was beslis 'n aand van diep in mekaar se oë kyk en mekaar raaksien. Ons het mekaar nodig as ons ver wil stap...

Skakel gerus vir Elaine by die Kerkkantoor as jy belangstel in die boek van Hombakazi Mercy Nqandeka, "***Don't upset ooMalume!***"

*Jan van Zyl*

L.W. isiXhosa *Indlela* = Afr. *"'n Pad"* en *uMalume* = Afr. *"Oom."*
**Red.**

# N G Kerk Stellenbosch: aanbiddingsruimtes

**Een Gemeente;
Sewe Geboue;
Drie Aanbidding-
style;
Een Hart;
Een Here!**

**Regs:
Klassieke diens:
Moederkerk-
gebou,
verskillende
tye en seisoene**





**Links bo en
regs:**

**Hofmeyrsaal:
Informele diens;
Sondag-
oggende**

**Links onder:
kinders
wag buite die
Kweekskool
om na hulle
Kategese-
klassies te gaan**

**<u>Regs</u>: Twee verskillende ruimtes
vir meditasie:**

**Links bo: Die kapel
op Stillebosch-Retraitplaas**

**Regs bo en albei foto's onder:
Kweekskool-kapel**



*Foto's versorg deur Irénée Heyns*




Kruiskerk,
die setel van die studentebediening, ontmoetingsruimte vir verwelkoming van eerstejaars en hulle ouers en vanwaar die jaarlikse eerstejaarskamp-lede vertrek



Tienerkerk

Hofmeyrsaal
bo & links onder:
Tienerkerklidmate vergader buite

Regs onder:
lofprysing
(*Praise & Worship)*
binne die saal




Die Khaya
(Hall next to Kruiskerk)

"F A N S"
= *Friends of All Nations*
= International Ministry


See p.7 for interviews with Pastor Tyler Helfers and his wife Christine and their family.

# ZORADA VERTEL VAN DIE KLEURGLASVENSTERS

Die storie van Moederkerk sluit ’n kleurvolle verhaal van vensters in. Dit is vanjaar 50 jaar sedert die eerste groep vensters, die vyf rondom die preekstoel, in Maart 1973 geïnstalleer is. Die hele vensterprojek, vandat die idee van kleurglasvensters in 1962 deur ds Attie van Wijk ter tafel gelê is, totdat die laaste vensters in 2014 geïnstalleer is, sou uiteindelik 52 jaar duur.

Leo Theron (1926-2010), indertyd die bekendste glaskunstenaar in die land wie se ontwerpe in 137 kerke en verskeie openbare geboue pryk, het ál die vensters in Moederkerk ontwerp, hoewel die laastes ná sy dood deur sy opvolger, Fanus Boshoff, geïnstalleer is. Theron het gespesialiseer in die *dalles de verre*-tegniek, waar brokke gekleurde glas in beton geset word. Moederkerk het dus nie “gebrandskilderde” of “loodglas”-vensters nie, wel kleurglasvensters. Die brokke glas word só gebeitel dat die binnekant oneweredig is sodat die ligstrale daardeur gebreek kan word om ’n sagte lig binne die kerkruimte te skep. Theron het geglo dat kleurglasvensters se magiese effek “die prisma skep waardeur ons na die ewigheid kan kyk”.

Gedurende die grendeltyd het die idee ontstaan om mini-video’s te maak van verskillende aspekte van ons historiese



kerkgebou ter wille van ’n groter bewustheid van en waardering vir ons ryk erfenis. Die vensters het eerste aan die beurt gekom. In die video’s gesels gemeentelede nie net oor die ontstaan van elke venster nie, maar ook oor ’n nuwe interpretasie van die simboliek wat in die elemente van elke ontwerp opgesluit lê. Theron se oorspronklike beskrywings gee hoogstens die titel of tema van elke venster, met ’n toepaslike Skrifverwysing. Die kleurglasvensters is egter in wese sinryke kunswerke wat hulle leen tot veel dieper interpretasie.

’n Paar interessante vrae het ontstaan in die navorsing oor die eerste vyf vensters, byvoorbeeld:

1. *Wat het die venster bo die preekstoel met die Kweekskool te doen?*
2. *Hoekom is die sterre op die een Openbaring-venster rooi?*
3. *Wat is die simboliek van die spesifieke kruisvorm wat die kunstenaar gebruik het vir die Lam en die Sluitsteen?*
4. *Wat sien ons op die troon?*
5. *Waarop dui die sewe kandelare op die venster links van die preekstoel? En dié aan die regterkant?*

Die eerste vyf video’s gaan tydens die preekreeks “Misgekyk” bekendgestel word. Ons gaan verras word deur wat ons oor jare in die vensters “misgekyk” het. ’n Nuwe bewustheid van die boodskap wat elke venster uitdra, sal hopelik bydra tot ’n dieper belewenis van elke erediens. Die storie van Moederkerk is nog besig om geskryf te word. As jy deel daarvan wil word, hetsy deur navorsing of deur deelname aan die video’s self, skakel vir

**Zorada Temmingh**
**0825607553.**

---

**AFRIKAANSE BYBEL WORD NEGENTIG JAAR OUD**

## Altyd weer nuut!

In die naweek van 26 tot 27 Augustus vanjaar is die negentigste herdenking van die Bybel in Afrikaans luisterryk in Bloemfontein gevier.

Toe daar in die eerste kwart van die twintigste eeu, nadat Afrikaans in 1925 tot amptelike taal naas Engels aanvaar is, sprake was van die moontlikheid dat die (tot destyds die enigste beskikbare) Nederlandse Bybel met ’n Afrikaanse vertaling vervang sou word, het ’n bekende Stellenbosse boer vir my oupa gesê, “Dis heeltemal onnodig om die Bybel in Afrikaans te vertaal! Ek gee die Hollandse Bybel (die sewentien-eeuse State-vertaling) vir my negejarige seuntjie Fransie om te lees, en hy verstaan alles!”

Maar dié “Fransie” het later geword Professor Frans Smuts, hoogleraar in Latyn aan die Universiteit Stellenbosch,’n intellektueel met ’n klaarblyklike talent vir tale. Daarteenoor is daar die (apokriewe) storie oor ’n ou boer iewers in die binneland wat geweier het dat daar telefoondrade (tussen houtpale gespan) oor sy plaas mag loop, “Want, sien, die Bybel sê ‘*De genade Gods kent geen paal of perk!*’” Hierdie grappie is tog ’n aanduiding daarvan dat nie alle Afrikaanssprekendes al die nuanse van die Woord in Nederlands verstaan het nie. Vir hulle was ’n moedertaal-Bybel tóg noodsaaklik.

Bybelvertalers werk altyd in spanne: kenners van taalfilosofie, kenners van die brontale (Hebreeus, Aramees en Grieks) maar ook kenners van die teikentaal (hier Afrikaans) sowel as kenners van idiomatiese ekwiwalente vir eersgenomde taalkenners se formele woord-vir-woord pogings om die wese van die brontaal weer te gee, wat dikwels ’n vertaling lomp en stokkerig laat klink. Die jongste Bybelvertalingsspan het selfs Afrikaanse digters as redakteurs ingespan in ’n poging om die Psalms te laat “sing.”

Vertalingsteoretici verduidelik dat ’n vertaling óf brontaalgerig óf teikentaalgerig kan wees. Die eerste (1933) Afrikaanse vertaling was sterk brontaalgerig. Hier is die effense “vreemdheid” van die vertaling opvallend. ’n Mens kan amper die Hebreeus of Grieks “agter” die Afrikaans gewaar. Hierdie weergawe is in 1953 effens getemper sonder dat dié vertaling die vroeëre een se woorde in hulle geheel vervang het. Die teks was steeds brontaalgerig.

’n Lewende taal verander gedurig en daarom word daar gereken dat ’n toepaslike nuwe vertaling so al om die vyf-en-twintig jaar noodsaaklik word.


Teen die middel van die twintigste eeu het die mode in taalteorie en vertalingsvoorskrifte oorgehel na ’n teikentaalgerigtheid. Daarom vind ons in die “nuwe” 1978 (Nuwe Testament) en 1983 (Ou Testament en hele Bybel) in Afrikaans die gebruik van “Rande” vir antieke geldeenhede en ook woorde vir moderne mate en gewigte, asook eksegetiese (verduidelikende) vertalings van moeilike begrippe. Volgends my aanvoeling het die Psalms in hierdie Afrikaanse weergawe baie van hulle musikaliteit verloor. Die mees onlangse vertaling (2014 – 20) probeer ’n versoening tussen die twee uiterstes in benadering bereik, maar poog tog om die Bybel te laat klink “asof die oorspronklike skrywers in Afrikaans geskryf het.”

Daar het sedert 1933 baie ander weergawes van die Bybel die lig gesien, soos die Afrikaanse weergawe van die Amerikaner Eugene Petersen se geselserige, verduidelikend-eksegetiese Bybel, wat eintlik neerkom op ’n deurlopende “preek” gebaseer op opeenvolgende tekste, van *Genesis* af tot by *Openbaring*. Die ou Nederlandse State-vertaling het nog ’n ereplek in baie Afrikaanse huise gehad (en hét dit miskien nog – in ons huis wél).

Blykbaar het baie Britse soldate met hulle terugkeer uit Suid-Afrika in 1902 gebuite Familiebybels saamgeneem Engeland toe. Lede van die vroom Britse Kwaker-kerkgroep het hulle daarvoor beywer om hierdie kosbare geestelike bron (dikwels ook met Afrikanergesinne se familieregisters daarin) terug te eis van Britse oud-soldate en dan na Suid-Afrika terug te stuur. ’n Buitegewone vorm van versoening deur die Skrif!

Jo-Marie Claassen

# We welcome the Helferses!



Karina, Tyler, Christina and Makena Helfers

*With the retirement of Rev Jurie Goosen, a new era has dawned. The International Ministry is now led by an "international couple". Stellenbosch DR Mother Church hereby welcomes these four US citizens into our midst. We asked them to tell us more about themselves. Editor*

## Tyler

My name is Tyler Helfers and I am an ordained pastor in the Christian Reformed Church in North America (CRCNA). I am married to Christina and we have two daughters: Karina (six) and two-year-old Makena. For the past eight years, I served as a campus pastor to students and faculty at Iowa State University.

Now, I have the privilege of serving the international student population here in Stellenbosch. There is something uniquely powerful in the way that an international ministry—with people from across the continent and around the world—reflects the Gospel and the unity found only in Jesus Christ. Ours seeks to be a home to international students where they can grow in faith; a place for seekers to explore and ask questions about Christianity; and a community where those from around the world can build relationships with locals. We host a Sunday morning service (10h00) at Die Khaya, an evening catechism discussion group, several Bible study sessions per week, and social events. Through all of these activities, we aim to make fully-devoted disciples of Jesus who will witness to Christ and the Kingdom in all aspects of life throughout all of the world.

My particular interests lie in the areas of leadership development, missiology, and church planting. I look forward to seeing how these may influence and shape our ministry here. I also enjoy reading detective fiction, running, fishing, and both playing and watching soccer. As we settle into ministry and life in Stellenbosch, I hope we'll get the opportunity get to know many of you!

## Christina

Moving to a new city takes time to get used to – finding best routes to take through town, which grocery store to go to and where items are located at said store. It's compounded when moving to another country and adjusting to new customs, brands and flavors of food. After living in Stellenbosch for nine months, I believe we're finally settling in. I know things, such as: that at my nearby Spar, sugar is with the long-life milk and not with the flour. I now know what long-life milk *is,* for that matter (which is not something that we have in the USA). I am learning that when I call for a doctors' appointment, the receptionist expects that I am looking for an appointment on that day or the next, not for a week or month later, a thing to which I am more accustomed.

As we settle in, our family is enjoying exploring Stellenbosch. Weekly, I try to do something with our daughters, who are two and six. We go on hikes, are learning which wine estates have playgrounds or bike parks, and try to figure out who has the best pizza in town. We are finding friends who can come over simply to hang out or to show us around. And if there's anything I'm still unsure of, these friends are there to answer my questions and give advice. Overall, we are adjusting well to life here; balancing school, ministry to international students, and hosting people in our home. As for Karina (6), her favorite thing about living in Stellenbosch: "I love being so close to the ocean and the mountains, and making new friends from around the world."



Karina and Makena enjoy exploring this wonderful new place, South Africa



**STELLENBOSCH MOEDERKERK**
DROSTDYSTRAAT 2
7600 STELLENBOSCH

TEL: 021 883 3458
FAKS: 021 886 4041
ALLE URE: 074 354 0088
kantoor@moederkerk.co.za
www.moederkerk.co.za

**LERAARSPAN**
**Marie Britz**
**Richard van Wyk**
**Jan van Zyl**
**Irénée Heyns**
**Johan van der Merwe**
**Angelique Havenga**
**Lionel Hutton**
**Elmarie van Huyssteen**

**FRIENDS OF ALL NATIONS**
**Tyler & Christine Helfers**
pastor.helfers@gmail.com

SINCE 1994 STELLENBOSCH

# FEEDING IN ACTION
# VOEDINGSAKSIE: REEDS INGEBURGER BY DIE NUWE PERSEEL

Stellenbosch Voedingsaksie se primêre fokus is op die plaaslike bevordering van voedselsekuriteit. Ons streef daarna om deur menswaardige voeding die behoeftige gemeenskap se lewenskwaliteit te verbeter. Dit is met groot dankbaarheid dat ons terugkyk op ’n jaar sedert ons vanaf Woodmill na Eenheid 2, Plankenstraat 12, Kayamandi, verhuis het. Ons is dankbaar dat ons nou gevestig is, met al die basiese inrigwerk reeds afgehandel.

Ons nuwe perseel is heel geskik vir ons miernes-aktiwiteite. Ons bedien tans sestig voedingspunte in vyftien gemeenskappe in die breër Stellenboschgebied. Dit beteken ons bedien ongeveer 12 500 maaltye per week aan 5000 of meer behoeftige individue. Die Voedingsaksie het steeds ’n groot fokus op behoeftige kinders, maar ook op minderbevoorregte bejaardes, siekes en die haweloses in ons gemeenskap. Ons ondersteun ook gereeld ’n veelvoud van gemeenskapsorganisasies en behoeftige crèches deur kosvoorrade en maaltye ter aanvulling van hul beperkte begrotings te verskaf. Dit is altyd vir ons ’n voorreg om te kan uitreik na gemeenskappe waar daar werklik ’n groot nood is, soos ook weer vanjaar op dringende versoek na die Claytile informele nedersetting op die Bottelarypad en die Inam Crèche in Langrug. Ons ervaar opnuut dat die hulp met voeding regtig ’n merkbare en noemenswaardige verskil aan mense se lewens maak.

Alle eer aan die Vader vir sy wonderlike voorsiening,wat ons in staat stel om Stellenbosch Voedingsaksie se groot platform nog beter te kan bedien! Ons dra ons organisasie daagliks op aan die Vader en wéét dat Hy ons voetstappe rig en dat alle gebeure deel vorm van sy groter plan ter uitbreiding van sy Koninkryk.

Liesel Koen (Projekbestuurder)
voedingsaksie@telkomsa.com










STELLUMTHOMBO

As een van Moedergemeente se prioriteite vir die jare 2023-24 is daar besluit om Stellumthombo dieper in die hart van die gemeente te vestig. Hierdie mandaat is verseker deur die aanstelling van Lionel Hutton as die nuwe bedryfshoof. Hierdeur kon die predikantespan, waarvan Lionel deel is, nouer saamwerk met die Stellumthombospan.

Die gevolg van hierdie nouer samewerking was ’n beduidende toename in gemeentelede se deelname as vrywilligers, maar ook van skenkings aan ons verskeie projekte. Gemeentelede se deelname en ondersteuning het die onderbou gebied vir die begin van ons nuwe projek waarbinne voorheen benadeelde hoërskoolleerders ekstra Wiskunde en Wetenskapklasse ontvang.

Noemenswaardig is ook die nuwe (verkleinde) uitvoerende komitee wat vir Masandise Studiehulp in die lewe geroep is en wat ons span vrywillige mentors se hande losmaak om slegs op hulle vooglinge se behoeftes te konsentreer.

Ons bedank graag die gemeente vir hulle vertroue en hul blywende ondersteuning van al die vertakkinge van Stellumthombo se werk in ons gemeenskap. **L H**

## ’n Nuwe Bedeling by Stellumthombo

Vir enige navrae oor metings en evalueringe van Stellumthombo se projekte kan Lionel Hutton, die nuwe Bedryfshoof, gerus genader word. **0834402928** / lionel@moederkerk.co.za



Die aanstelling van Lionel as Bedryfshoof is teken van ’n nuwe, hegter band tussen Moederkerk en Stellumthombo. Lionel dien ook as Jeugleraar binne Stellenbosch Moedergemeente .

As Bedryfshoof van Stellumthombo, moet hy al die balle gelyktydig in die lug hou, en het nuwe projekte soos die Wiskunde- en Wetenskapskool, gehelp inisiëer. Sy opdrag behels ook fondswerwing.

Om te oordeel aan die groot getalle jeugdiges wat aan die jeuggemeente se verskillende bedrywighede deelneem, en sy werk by Stellumthombo, is Lionel die regte persoon om hierdie uiteenlopende tipes pyle in sy koker doelgerig te bly afskiet.

Daarbenewens is hy eggenoot vir Nicola, en het ook onlangs, so knap oor die twee maande gelede, pa van die klein Amelia geword.

Seënwense, Lionel! JMC

**REDAKSIE**

Jo-Marie Claassen
0734419370
jmc@adept.co.za

Marlene Cloete
0722458672

Irénée Heyns
0834618564
irenee@moederkerk.co.za

Stellumthombo

## BUIG DIE BOOMPIE…




**Ons Vroeë kinderontwikkelingkursus: 3 maande tot 3 jaar**

’n Kenner van kinderontwikkeling, professor James Heckman, het deur sy navorsing gevind dat die grootste opbrengskoers vir beleggings in vroeë kinderontwikkeling (bekend as “ECD,” oftewel *Early Childhood Development*) die gevolg is van voldoende belegging in die *eerste vyf jaar* van ’n kind se lewe.

Stellumthombo ECD werk juis om kinders in hierdie ouderdomsgroep te ondersteun deur ECD-personeel op te lei en daardeur kwaliteitonderrig vir ons jong kinders te verseker. Deur onderwysers en hoofde op te lei en te ondersteun, help ons jaarliks meer as 800 kinders om ’n beter opvoeding te ontvang.

In 2023 het ons die jaar begin met ’n vyf weke lange kursus vir onderwysers oor die ontwikkeling van jong kinders, drie maande tot drie jaar. Ons het ook onderwysers opgelei in ouderdomsgepaste stimulasie-aktiwiteite en ook in wat om te doen as kinders nie ontwikkelingsmylpale betyds bereik nie.

In die tweede kwartaal het ons ’n vyf weke lange sakekursus aangebied vir skoolhoofde en beheerliggame en ’n een dag lange *Traumabewuste Klaskamer*-kursus. Ons kinders ervaar baie traumatiese gebeure.

In die derde kwartaal is daar ’n assesseringskursus sowel as ’n kunskursus aangebied. Ons het vanjaar sover 100 onderwysers opgelei en verskeie individuele menteringsessies met skoolhoofde gehad. Ons fokus vanjaar ook op kleuterskooltjies se skoolhoofde se geestesgesondheid. Ons bied spesiale sessies aan om hulle te ondersteun.

Ons blikkieskos- en sneesdoekieprojek het vanjaar gehelp dat ons 16 Vroeë kinderontwikkelingskole kon ondersteun deur die altesaam 382 blikkieskos en 99 *tissue*dose aan skole te gee, wat heel winter lank finansiële druk op die lopende kostes op hierdie skole kon verlig. Baie dankie aan elkeen wat bygedra het.

Om meer uit te vind oor die Stellumthombo ECD-projek, nader vir arina@stellumthombo.co.za en volg ons op *Facebook* en *Instagram* vir meer inligting, asook lekker idees oor dinge wat ouers saam met hul eie kleinspan kan doen.

*Arina Scheepers*




**Dankie, Gemeente, vir die blikkieskos en snesies!**

0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

## DIE LEESPROJEK




Lees is ’n wonderlike aktiwiteit wat die wêreld wyd vir ons oopvou. Dit stel ons in staat om ons gedagtes en gevoelens beter uit te druk en dit vergemaklik kommunikasie met ander. Dit is omdat lees so ’n groot impak op ons lewens maak dat Stellumthombo dit so belangrik ag om kinders te bemagtig om met begrip te kan lees.

Die Graad R voorleesprogram wat deur Stellumthombo ontwikkel is, teiken kernareas wat kinders vir lees gereedmaak. Elke week word daar ’n storie vir die kinders voorgelees. Dit word gevolg deur aktiwiteite wat uit die storie vloei. Hierdie aktiwiteite ontwikkel visuele en oudiotiewe persepsie sowel as groot- en fynmotoriese vaardighede.

Een so ’n storie wat ons gelees het, is “*Eendag as ek Groot is*”. Die boek het kinders blootgestel aan ’n reeks beroepe waarvan hulle nog nooit gehoor het nie, soos wildbewaarder, veearts en ingenieur. Dit het nie net hulle woordeskat nie, maar ook hulle horisonne verbreed. Met die hulp van Stellumthombo se getroue vrywilligers vanuit die gemeente wat die sessies aanbied, kon die kinders ook dink oor wat hulle eendag wil word deur saam te praat, ook oor beroepe wat nie eers in die storie genoem is nie. Daar is ook in dié week geheuespeletjies gespeel met prentjies en woorde uit die storie, en die kinders het selfs kans gekry om rolspel te doen oor party van die beroepe.

As jy belangstel om te sien hoe die Stellenthombo leesprogram elke week ’n impak maak, kan jy *@Stellumthombo* gerus volg op *Facebook* en *Instagram,* of nader **Weybrandt Aucamp** vir meer inligting : weybrandt@stellumthombo.co.za

**Stellumthombo**
SnapScan

0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o

Bydraes tot Stellumthombo se verskillende projekte vir 2023/4 word met dank ontvang.

**Bankbesonderhede: Stellumthombo NPC**
**Nedbank Takkode: 107110**
**Rekeningnommer: 113 069 7630**
**Verwysing: Masandie / *ECD* / *Leesvaardigheid* / *Wiskundeskool***

*Kry belastingvrystelling vir jou donasies by die Kerk se saakgelastigde:*
marianne@moederkerk.co.za

# STELLUMTHOMBO

## SE WINTER-WISKUNDE-WEGBREEK

## ... dra onmiddellike én ...

Verlede jaar se Afrikaansmedium Julievakansie Wiskunde-Winter-Wegbreek vir matrieks was so ’n reusesukses dat Stellumthombo vanjaar die projek vergroot het. Danksy ’n welwillende borg kon Stelleumthombe se Wiskundeskool (eintlik oorspronklik ’n uitvloeisel van Masandise se uitbreiding van studiehulp na plaaslike hoërskole) vanjaar klasse in beide Afrikaans én Engels aan ongeveer 130 Graad elf- en twaalf-leerders bied.

Die leerders kon danksy die borg vir vyf dae aan die begin van Julie na drie lokale aangery word. Vervoer is gratis voorsien, asook ontbyt en middagete, met vrugte, drinkgoed en peuselhappies tussenin. Altesaam 13 betaalde tutors het elk ’n groep van tien leerders onder hulle sorg gehad. Elke dag het met ’n voortoets begin en is met ’n nátoets afgesluit.

Alle leerders was vol lof vir die gesindheid van die tutors. Deur die bank het hulle vriendelike, ontspanne aanslag en energie bygedra tot beter begrip en, by sommige, tot beter selfbegrip en selfvertroue.

## ... langtermynvrugte:

### ’n Opwindende nuwe onderneming ontvou byna oornag!

### Die Stellumthombo Bedryfshoof skryf:

* 130 leerders woon die Winter-Wiskundeweek by.

* Dit is verblydend dat daar ’n gemiddelde verbetering van 32% onder al die leerders was tussen die daaglikse toets 1 (kontroletoets in die oggend) en 2 (verbeteringstoets die middag). Ten spyte daarvan dat die gemiddelde toetspunt vir die oggendtoetse ongeveer 37% was, het die gemiddelde punt vir die middagtoetse op 69% geëindig. Daarby het die leerders ook waardevolle vaardighede aangeleer soos by voorbeeld hoe om ’n gradeboog te gebruik. Elke leerder het ’n gradeboog ontvang om huis toe te neem.

## ... maar...

### Die Probleem met die projek is:
### *Dis te kort!*




Vanuit die jaarlikse Wiskunde-Winterskool het die **Wiskunde-en-Wetenskap-projek** voortgespruit. Tans word daar vir 41 graad elf-leerders uit Kylemore, Luckhoff, Makhupula en Kayamandi ekstra wiskunde- en wetenskapklasse aangebied. Hierdie klasse word aangebied in die konsistorie van Kruiskerk onder leiding van Dewald Maré. Hy is ’n deeltydse werknemer by beide Stellumthombo en die Calling Academy.



Dewald is ’n begaafde opvoeder (’n toppresteerder sedert sy eie skooldae) wat sedert sy aanstelling by Stellumthombo drie maande gelede ’n merkbare verskil in die leerders se punte kon maak. Hulle punte in hul toetse het met ’n gemiddeld van 37% verbeter, en dit net van Junie tot September.

Leerders woon vrywillig vier klasse per week by, wat in die Kruiskerk se konsistorie aangebied word, Maandae en Woensdae: Wiskunde; Dinsdae en Donderdae: Wetenskap. Stellumthombo is baie dankbaar vir Dewald se harde werk, ywer en toewyding wat ’n groot verskil in hierdie leerders se lewens maak. Driekeer het sekere kinders wat die bussie van Kayamandi af verpas het wat Stellumthombo reël, heelpad van daar af Kruiskerk toe gestap, so gretig is hulle om klas toe te kom.

Soos Jesus altyd eers brood saam met mense gebreek het, volg Stellumthombo dieselfde beginsel. As gevolg van die inisiatief van Marida van der Merwe en verskeie ander gemeentelede word daar daagliks toebroodjies by die klasse afgelaai. Die hartseer realiteit is dat hierdie maaltyd vir baie van die kinders hulle *enigste* kos vir die dag is. Die mooie hiervan bly die kinders se toewyding tot hierdie klasse.

Stellumthombo is innig dankbaar teenoor almal wat reeds tot hierdie nuwe inisiatief van Stellumthombo bygedra het, of sal bydra: dankie aan elkeen wat op die een of ander wyse by die projek betrokke is. Die verskil is tasbaar en volhoubaar. Indien jy betrokke wil raak, op watter wyse ookal, hetsy met toebroodjies maak, vrugte skenk, of skryfbehoeftes borg, skakel asseblief met Stellumthombo se Bedrysbetuurder:

**Lionel Hutton (083 440 2928)**, of stuur ’n epos aan Marida@hvm.cc.

## Dewald Maré vertel van die Wiskundeskool se eerste klompie weke:

**Die gemiddeld vir Wiskunde** vir kwartaal twee by al die skole saam was 51%. In die derde kwartaal het 41 graad elfs by ons klasse aangesluit.

Die leerders het as ’n geheel oor ’n tydperk van vyf weke (dus tien klasse) die volgende verbetering getoon:

Wiskundetoets 1: gemiddeld: 31%

Wiskundetoets 2: gemiddeld: 75%

**Die Wetenskappunte** toon ’n verbetering van tussen 20% en 30%, maar ek wag nog vir uitslae van die skole af om dit te vergelyk.

**Ek kry die mooiste terugvoer:**

1) Twee leerders het al vir my kom sê dat hulle nou Wiskunde verstaan en dat dit vir hulle lekker is om Wiskunde te doen.

2) ’n Seun uit Kayamandi glimlag vir die eerste keer vandat hy by die program betrokke is, nadat hy op 34% begin het en nou 90% kry. Vir hom is dit die lekkerste ding van sy dag om die klasse by te woon.

3) Vyf leerders het getuig dat hulle nou Wetenskap begin verstaan en dat dit vir hulle interessant is om die beginsels te leer.

4) Die leerders uit Luckoff sê: “Meester verstaan nie hoe dankbaar ons is vir die program nie. Ons het gedink ons is verlore met die Wiskunde en nou kan ons hoop hê en self die somme by die huis gaan doen! Ons wys nie altyd hoe dankbaar ons is nie, maar ons is regtig baie dankbaar!”

5) Van die leerders se enigste kos vir die dag is wat hulle by die program kry. Een leerder het die vorige keer gevra, nadat daar vier broodjies oorgebly het, of sy dit kan huis toe vat en vir haar maatjies gaan gee wat nie kos het nie. Dit is so mooi, omdat die vrygewigheid van die program oorspoel na hulle persoonlike lewe.

6) Die leerders begin mekaar nou by die skool bystaan met Wiskundevrae en daar is reeds nege leerders wat my gekontak het en nou vir die program wil inskryf, maar daar is ongelukkig nie meer ruimte nie.

Epos: dewaldmare@gmail.com

# Masandise verander lewens in voor- en teenspoed
## Jare van seën



*'n Voormalige Masandise mentor skryf:*

Busisiwe ('n skuilnaam) is deur Masandise ondersteun om 'n vierjaar-kursus vir 'n diploma in Landboubestuur by UWK te volg. Ondersteuning het mentering plus losies- en kosgeld, sowel as 'n skootrekenaar, ingesluit. In die loop van die vier jaar het kostes vir Masandise R100 000 beloop. Sy is ook vir nog agt maande na voltooiing van haar studie ondersteun totdat sy 'n goeie werk in Gehaltebeheer ("Quality Control") by Spar in Wynberg gekry het. Sy trek Khayelitsha toe en ry elke dag per taxi na Wynberg.

Sy was 'n voorbeeldige student en 'n plesier om te ken, en ons was trots op haar. Alles het positief gelyk en voorspoedig verloop. Sy skryf vir nog 'n eenjaar nagraadse diploma in. En toe kom die ramp. Verlede jaar staak die taxi's en die mense moes per Golden Arrow-bus ry. Een oggend is 'n stampvol bus aan die brand gesteek. Almal kon veilig by die nooduitgang uitkom. Ses mense is egter beseer en Busisiwe was een van hulle. Sy het 'n beenbreuk opgedoen.

Sy is goed behandel by Khayelitsha hospitaal en 'n plaat is op haar tibia ingesit. Maar sy herstel nie goed nie en sy nader haar ou mentor. Dié neem haar eers na haar eie huisdokter toe. Nuwe X-strale word geneem en private fisioterapie in Wynberg word gereël.

Eers het dit gelyk asof sy uitstekend vorder, maar helaas … die plaat begin komplikasies gee en middel Augustus word sy wéér in die hospital opgeneem, nou vir die uithaal van die plaat. Dit is 'n uiters traumatiese ervaring, en Busisiwe beleef 'n volle jaar van teenspoed as gevolg van iets wat heeltemal buite haar beheer was.

Watter seën is dit tog dat Busisiwe se voormalige Masandise mentor nog steeds 'n wakende oog oor haar gehou het!

Waar sou sy gewees het as dié nie ingegryp het nie? Masandise verander steeds lewens! *Red.*

MASANDISE STUDIEHULP

## So lyk deugsame armoede:

*'n Medewerker se vriendin vertel (Jan 2023):*

My huishulp (al 27 jaar by my) se seun het pas matriek met 'n A-gemiddeld geslaag. Hy het toelating tot Universiteit gekry en gaan onderwys studeer by US (die eerste van haar familie). Hy was ook op Hoërskool Cloetesville se leerlingraad en wel die "leier van die groep." Hy is 'n baie goeie gholfspeler.

Net vir perspektief: hulle bly in 'n klein huisie, midde-in 'n bendegeteisterde gebied. Hulle moes menige dag in hul kombuis, wat toegemaak is, skuil as die mense buite baklei en skote klap. (Kan meer uitbrei, maar veiligheidshalwe nié).

Hy is bitter pligsgetrou en hardwerkend, doen alles self. Het ook soms op die straat se hoek naby die skool gesit en werk om wifi te kry, of deurnag, as almal stil is, geleer. Sy is 'n enkel-ouer; ek vertrou haar met my lewe en het baie by haar geleer oor kinderopvoeding. Drink nie, rook nie, altyd vrolik. Ek haal my hoed af vir haar, hoed af vir haar seun. So trots op hom en opgewonde oor sy toekoms!

(Dis sulke tye dat ek wens ek het oorvloed geld gehad sodat ek vir hulle 'n huis in 'n beter omgewing kon koop. Maar wie weet, dalk kan haar seun eendag!).

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

# Noodkreet: help Masandise om 'n vierdejaar Mediese Student se verblyf te betaal, asseblief!

Sibusizo ('n skuilnaam) is na ons verwys deur die bestuurder van die universiteit se beursprogram. Hy was in sy vierde jaar van Medies, met deurgaans briljante punte, toe hy begin 2020 siek word en sewe maande lank buite aksie was. Net daarna tref Covid-inperkings die universiteit se praktiese klasse.

Sibusiso moes gevolglik in sy volgende jaar 'n kliniese module inhaal, wat toe met daardie jaar se soortgelyke kliniese module op die rooster gebots het. In die proses raak hy 'n module agter en verloor sy beurs vir verblyf en kos vir 2023. Hy kort dus R60 000 vir sy verblyf vir vanjaar sowel as 'n kostoelaag. Masandise het in geloof hierdie bedrag betaal, met die vertroue dat ons dit uit skenkings sal kan verhaal. Masandise se vennoot *Blessing Bucks* verskaf Sibusiso se kostoelaag. Hy is rustig en vaar weer goed in sy studies.

Sibusizo skryf onlangs aan sy mentor:

*"Hello Marida, hope you've been well since the last time we spoke. Just wanted to let you know how much your help changed my life this year. I'm not sure where I would even be staying had it not been for your kindness and grace. This year has been tough, but you lifted a very heavy load from my shoulders and I will forever be grateful for that. May God abundantly bless you and may Masandise grow beyond your expectations."*

**Betaal in by:** **Stellumthombo NPC,**
**Nedbank Takkode 107110**
**Rek. nr. 113 069 7630.**
**Verwysing:** **"Mediese student"**

## *Oproep om Hulp*

*Liewe Lesers—help ons asseblief om hierdie "heavy load" te dra! Twaalf bydraes van R5000.00 elk sal Masandise help om hierdie groot uitgawe te kan delg en 'n bekwame jong dokter tot die mediese geledere van ons land te voeg.*

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0

## Letshepa word Leerder-bestuurder by Clicks!

Letshepa/Litsepa Hlapisis se naam het variante spellings, maar hy het eintlik lewenslank net één doelstelling: om 'n suksesvolle sakeman te word en om sy enkelouer-moeder uit haar bestaansboerdery in die Oos-Kaap te lig.

In Oktober 2022 kon sy trotse ma Kaap toe kom om te kyk hoe hy sy diploma ontvang, maar hy is steeds deur sy kollege verplig om 'n internskap uit te dien, tot Junie vanjaar. En dit by 'n firma wat slegs 'n hongerloon gun aan studente wat hul inskap doen. Masandise moes nog steeds help. Sy vervoerkoste was méér as sy loon en Masandise moes bysit.



Na 'n reeks onderhoude, 'n skulduitklaring, en lank wag vir 'n aanstellingsbrief, kon Letshepa einde ten laaste in September sy kontrak by Clicks onderteken. Hy begin op 6 November by Clicks in Mitchellsplein as leerderbestuurder.

Sy Masandise-mentor

## ANGELIQUE VERTEL:




Die kleingroepbediening van Kruiskerk het vanjaar weer volstoom hervat. Met ongeveer 35 aktiewe kleingroepe in koshuise en op kampus word daar weekliks rondom die tema en die teks van die week bymekaar gekom. Dit is binne hierdie groepe waar studente na mekaar as geloofsgemeenskap omsien, vir mekaar in gebed tree en waar die studente mekaar ook help om met nuwe oë na die Woord van God te kyk.

Een van die mees betekenisvolle samekomste wat deel vorm van die kleingroepbediening, is die Grootgroepbyeenkoms wat weekliks op Dinsdagoggende om 07:00 in die Khaya plaasvind. Tydens hierdie geleentheid word alle kleingroepleiers (en enige studente wat belangstel) uitgenooi om oor ’n koppie koffie in groepe te gesels oor die teks en preek van die afgelope Sondag. Een van die predikante begelei die groep in ’n oomblik van stilte en nadenke waarna hy/sy kortliks ’n oorsig oor die implikasies van die Bybelteks gee. Die studente word daarna aangemoedig om self die gedeelte te lees en met mekaar hieroor in gesprek te tree. As afsluiting van die samekoms word daar in die groter groep oor die onderskeie groepe se gesprekke terugvoer gegee.

Dit is hierdie terugvoer wat keer op keer deur die betrokke studente en predikante as nie nét sinvol beskryf word nie, maar wat vir elkeen wat hierdie geleentheid bywoon, geloofsversterkend is. Dit is dikwels in die refleksie van die studente waar ons uitgenooi word om diéper en vérder te kyk, om God op nuwe maniere in ons lewe en in sy Woord raak te sien. ’n Dieptepunt inderdaad. *Angelique Havenga*

o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0oo0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o0o




**SURIKA VAN ZYL:** Vanjaar het die *Atlete vir Christus*-span die voorreg gehad om ’n afstand van amper 1900 km dwarsoor die land af te lê, op ons roete van *Springbok* na *Groot Brakrivier*!

Vanjaar het Atlete vir my die goedheid van die mens kom wys en getoon hoe gemeenskappe wat self swaarkry hulle harte en huise vir ons oopgemaak het.

Dit het my kom wys van die belangrikheid van samewerking en die kosbare, godgegewe mooiheid wat lê in die studente wat op die uitreik gaan. Hul nederigheid en bereidwilligheid het soos ’n paal bo water uitgestaan. Elkeen was bereid om die minste te wees, om te dien, nie net vir die mense waar ons gekom het nie, maar vir mekaar.

Ek is steeds in verwondering oor die eenvoud wat dit verg om harte en mense te verander, en ek kan net in dankbaarheid op die toer terugkyk.

## ATLETE GETUIG:

**HANDRé TERREBLANCHE** :

Die *Atlete vir Christus*-toer van 2023 was vir my ’n ongelooflike ervaring. Ek was bevoorreg om deel van die sangspan te wees, maar het ook kans gekry om as atleet te draf nadat een van die atlete ’n besering opgedoen het, net voor die toer.

Oor die ongeveer 1900 km het ek wonderlike mense ontmoet, pragtige plekke soos die Augrabieswaterval en die Vallei van Verlatenheid gesien. Ons span het hope pret gehad, lewenslange herinneringe gebou en sterk bande met mekaar gevorm.

Uitreike na ouetehuise en tronke het my oë oopgemaak oor die swaarkry van ons land. My geloofsfondasie is grootliks versterk deur die toer en ek kon telkens die Here se teenwoordigheid ervaar. Ek hoop om volgende jaar



# *Studente deel hulle ervaring van Hoop*

### Lesotho Hoop Projek
### Cara Strydom

Ek dink daagliks terug aan my ervarings in Lesotho. Ons het gegaan om hoop te géé, maar tussen die beeldskone berge van Lesotho het ek hoop *gekry*. Ek het hoop gekry in die wyse waarop God verskillend mét en déúr ander praat. Ek het hoop gekry in die 18 jongmense se glimlagte, hulpvaardigheid en wysheid. Ek het hoop gekry in elke mooi natuurtoneel, in die lag van ’n kind, in die mielielande en in elke gesprek wat gevoer is.

Ek het met ’n propvol hart daardie hoop teruggebring, en sien in studente se oë die hoop van roeping raak, die hoop van gemeenskap van gelowiges en die hoop op verandering. Met ’n dankbare hart kan ek sê Lesotho Hoop Projek het beide hoop gebring en hoop gegee.




*’n Oorsig oor ons aktiwiteite*

### Lesotho Hoop Projek: Jan Abraham Smuts

Lesotho 2023 was 18 dae van groei saam met 18 mense wat elk ’n kenmerkende plek in jou lewe kom inneem het. God het regtig op ’n wonderbaarlike wyse ’n groep studente bymekaar kom sit wat mekaar op ’n byna volmaakte wyse gekomplementeer het. Dis soos ons dit tussen die berge, die mielielande, in die Basotho-kerk, en tussen die kindertjies van die gemeenskappe ervaar het. Ons het mekaar leer dien en so ook geleer om die gemeenskappe waarin ons beweeg het, te dien. Elke vriendelike glimlag en verwelkomende arm wat ons in Lesotho tegemoet gekom het, het net weer eens getuig van die alomteenwoordigende liefde van Jesus.

### Kara Hutten
### Lesotho Hoop Projek

Die Lesotho Hoop Projek begin as ’n fisiese reis van Stellenbosch na Lesotho, maar die reis is ook dieper en tweeledig. Dit is ’n uitreik na die Basotho in en om *Growing Nations*, ’n sendingbasis buite Mohaleshoek in Lesotho. Daar word mielies geoes, vrugtebome gesnoei, en met vreeslik oulike kinders gespeel. Grense word oorgesteek en verhoudings word gebou met mense met ’n heeltemal ander leefwyse as jou eie. Dit is waar *in*-reik dan plaasvind. Jou liggaam word fisies uitgedaag met harde werk, jou hart word uitgedaag deur die rou, onaangeraakte stiltes van die landskap, en jou siel word op verskeie dieptevlakke deur God se stem aangeraak.

Hierdie is ’n reis met baie diepte, tog gevul met hope pret – van mielies spoeg, swem in koue bergpoele, grondpadsokkie, tot die *’ultimate*-mielie-*Frisbee*. ’n Gemeenskap word gebou in hierdie eenvoudige oomblikke. Hierdie is voorwaar ’n reis waar hoop gebring word, maar ook gevind word.



Stiltetyd in die berge




# TRANSKEI WERKERSAKSIE

### Ilke Olivier vertel van hulle ongelooflike ervaring

Ons 26 het die ongelooflike voorreg gehad om twee en ’n half weke in die Julievakansie na Canzibe en Koffiebaai in die Transkei te kon uitreik. Ons het daar opnuut ’n ontmoeting met die Here gehad. Elkeen van ons was *called and equipped* om die uitreik te doen. Die TWA-groep is in twee spanne verdeel: kinderbediening en bouspan.

Die kinderbedieningspan het in die oggende mure geskuur en geverf. Smiddae het ons met die kinders aktiwiteite gedoen en vir ’n paar hoërskoolleerders wiskundeklasse gegee. Ons was ook vir ’n hospitaalbesoek op Canzibe in ons lang rompe, waar ons vir die personeel en pasiënte gebid het. Die bouspan het sonop tot sononder gebou aan ’n indrukwekkende klimraam. Al het hulle hoeveel blase en snye op hulle hande gehad, het hulle aangehou. Dit was so ’n spesiale oomblik toe die klimraam uiteindelik klaar was en die kleintjies opgewonde hardloop om op die nuwe raam te klouter.

In Koffiebaai het die kinderbedieningspan ook help verf en met die kinders aktiwiteite gedoen. Die bouspan het ’n hek reggemaak, ’n betonblad gegiet en ’n groentetuin aangelê.

Die TWA-span het elke dag saam gebid, Bybel gelees, saam gegroei en onvergeetlike herinneringe opgebou wat die groep vir ewig sal bind. Ons was regtig bevoorreg met ons ongelooflike leiers. Hulle het die groep werklik met soveel genade gelei. Elkeen van ons het op 16 Julie huis toe gegaan met ’n hart wat vol is. Ons het God se grootheid ervaar in die kleinste dingetjies en in mense. Ons het geleer om die klein dinge in die lewe te waardeer, om onsself tweede te stel en om net God te vertrou om na alles om te sien, volgens sy wil. Ek voel beslis verfris na die uitreik en ek voel ek het ’n nuwe perspektief gekry. Dit was so mooi om te sien hoe God elk ’n gawe gegee het om mense te dien.

### Bianca Engelbreccht

## WAT IS TWA?

Die plek waar water ’n luukse is. Die plek waar vuilraak en kindwees tweede natuur is. Die plek waar almal die klein dingetjies in die lewe waardeer. Die plek waar ek elke dag kon begin met ’n sonsopkoms, en elke dag afsluit met ’n sonsondergang. Die plek waar die diere sommer in jou agterplaas wei. Die plek waar dit *oukei* is om rustig te raak, en af te skakel van ander normaliteite. Die plek waar jy Jesus se liefde oral kan sien en ervaar, waar ook al jy beweeg.

Danksy julle kyk ek met ’n ander perspektief na ’n klimraam, sement wat gegiet word, afskuurwerk en verfwerk, selfs na ’n groentetuin ...

Vir julle sal ek enige tyd weer agter in die bussie sit, en enige tyd my slaap opoffer vir ’n geselligheid om die vuurtjie. Ek sal met niemand anders as jullle ’n harksessie (letterlik én figuurlik) wil inwerk nie.

## Waar die wind waai

**’n gedig deur Jana Gous**

harde werk
in die son
sokker speel met die kinders
om en om
ure en ure het ons
spandeer
om klippaadjies te teer
verf ’n muur
weer en weer
(die bouspan se kommentaar
op ons kuns was baie waardeer)
maar dit was alles die moeite werd
om vreugde in oë van die kinders te sien
om hulle hande te kon vashou
en hulle te dien
ek dink hulle het vir ons elk meer beteken
as wat hulle ooit sal weet,
hul unieke uitkyk op die lewe
en hoe hulle sokker speel
terwyl hulle ’n bord balanseer
en eet.
daar waar daar min sein is en nog minder water
word mens ingetrek
in ’n gemeenskap wat nie noodwendig jou woorde verstaan nie
maar die gebare van jou hande en
die wyse van jou hart.
ek kan soveel sê,
oor elkeen wat daar was
ons almal so verskillend
maar tog het ons so goed by
mekaar gepas
dankie vir die ses koffies ’n dag by
koffiebaai
want dit was koud en die wind het
ons amper weg gewaai.
dankie dat ons die sonsopkoms kon sien
oor die suiderpunt van afrika,
dat ons ’n deel van ons land kon
waardeer
en by gemeenskappe leer
waarby ons nie noodwendig ooit
sou uitkom nie.
die transkei werkersaksie
was ’n uitreik gevul met lagstemme
helpende hande, baie lekker kos
en oomblikke waar mens die dun
gordyn tussen hemel en aarde kon
aanvoel
uitgereik
aangeraak
absoluut onvergeetlik.

***TWA 2023*** *is die* ***65ste*** *jaar van studente-uitreike na die Oos-Kaap. Alles klink baie dieselfde – en net so lekker en geseënd as toe ek en my man in 1959 mekaar daar ontmoet het. Opvallend is egter studente se groter betrokkenheid by plaaslike kinders. Ook dat die dames deesdae kan help bou en verf – ons het destyds net lakens en pasiëntjurke vir Canzibe se beplande hospitaal op handnaaimasjiene in die bus gemaak. TWA-vroue is ook nou bevry!* ***Red.***

8 AUGUSTUS 2023

# Vroueand-fees: 'n Onvergeetlike Byeenkoms!

8 Augustus 2023 was ’n aand om te onthou! ’n Verskeidenheid ma’s en dogters, oumas en kleindogters, niggies en susters, vriendinne en kleingroeplede het in die Hofmeyrsaal bymekaargekom vir ’n aand van kuier, kameraadskap en inspirasie.

Ons byeenkoms het begin met ’n oomblik refleksie waarna ons met die begeleiding van ’n spesiale vroueaand-*band* ’n paar liedere saamgesing het.

Nadat Angelique die aand geopen het, kon elkeen met ’n glas vonkelwyn of limonade in die hand mekaar as geloofsgemeenskap beter leer ken terwyl ons aan die heerlike vingerhappies wat Martjie Malan gemaak het, kon smul.

Die hoogtepunt van die aand was Marié se onderhoud met Anruné Weyers, die Paralimpiese atleet, wat ons almal geïnspireer het met haar ongelooflike reis as atleet en ma.







Anruné en Marié se gesprek was nie net baie interessant nie; dit was ’n getuienis van vasberadenheid, veerkragtigheid, humor en God se versorging. Almal is diep hierdeur geraak en bewus gemaak van die wyse waarop God ook met ons elkeen besig is. Ons kon daarna hieroor nadink deur ook ons eie verhale met mekaar te deel aan die hand van ’n lekker kreatiewe aktiwiteit rondom die tafels.

Ons is dankbaar dat ons so kon saam wees en in ons samesyn deur mekaar geïnspireer kon word om God ook in ons eie stories raak te sien. Ons klink ’n glasie op die sterk vroue van ons geloofsgemeenskap: mag ons hulle ken, mag ons soos hulle wees en mag ons hulle grootmaak!

*Angelique Havenga*



24 AUGUSTUS

# ’n Suksesvolle Manneaand

Onderwysers sê altyd daar is net drie basiese opvoedingsbeginsels en dit is: herhaling, herhaling, herhaling. As ek die manneaand moet opsom, sou ek dit met drie woorde wil opsom: gesindheid, gesindheid, gesindheid.

Van die begin af is ons diep dankbaar vir elkeen se gesindheid:

⊕ Die beplanningspan (bestaande uit agent 008 en agent 009). Woorde ontbreek om hulle gesindheid te beskryf. En Agent 007? Hy kan gaan slaap!

⊕ André en Elizabeth (die kosspan). Ons soek nog iemand wat hierdie mense se gesindheid teenoor ons kan verbeter. Die enigste ding wat beter as hulle gesindheid is, is die kos wat hulle maak.

⊕ Studentekelners. Absoluut puik, en die duidelikste plek waar hulle gesindheid sigbaar getoon is, was toe hulle help opruim het – totdat alles klaar was.

⊕ Wynmakers. Die oop harte vir die skenk van gratis wynlotte en vir die tafelwyn. Sonder julle kan ons nie so ’n aand hou nie. Julle is ons ruggraat en maak die drome wat ons vir die gemeente het waar.

⊕ Bo en behalwe die wynlotte is daar ook ander lotskenkers. Julle bydrae kom voeg altyd die speserye by wat van die aand ’n reusesukses maak.

⊕ Gaste. Dankie vir elke individu en groep wat ’n “belegging” gemaak het in die koninkryk, deur ’n lot te koop, of om ’n bydrae te maak.

⊕ Oom Tiny Neethling (die afslaer). Om saam met oom Tiny te bid voor elke manneaand weerspieël ’n gesindheid wat saam met almal getuig.

*Richard Van Wyk*





**Ons almal getuig saam:**

**Hierdie aand is tot eer van God! Manneaand 2023 was ’n weerkaatsing van *Filippense* 2:5: “Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was...”**

# UTOPIA: Die wonder van saamwoon!

Utopia was sedert die vroeë dae reeds deel van ons gemeente, maar het in 1958 die huidige gebou reg agter die Moederkerk betrek. Ons huisves 40 aktiewe en gelukkige inwoners in verskillende groottes woonstelle en huisies. Ons as gemeente koester ons senior burgers. Ons deel graag so 'n ietsie van ons (meestal jolige!) saamwoon en aktiwiteite met die gemeente. *Elmarie van Huyssteen*


Jong besoekers by Utopia se Opedag



Dave Pepler beskryf die Karoo se wonderwêreld



Ansu, Anneen & Christa verkoop skons


Gesellig saam by die weeklikse Boekvoorlesing


Naomi en Nita bak soetkoekies


Die "Profetiese Dansers" seën inwoners deur hul dans


Weeklikse groepsoefeninge


Bingo!

**Regs** :Beryl Botma stel haar nuwe boek by ons bekend: *Sedert die Dood ons Skei*



Belangstellendes kan gerus met Anneen Steyn-Durandt, die bestuurder van Utopia, skakel.

Kantoor: 021 887 6884
Selnommer: 083 302 6967
E-pos: anneen@utopiastb.co.za

KINDERBEDIENING

# Ouers en Kinders geniet 'n Huisgeloofbyeenkoms saam



Moederkerk is geseënd met baie gesinne met jong kinders wat in die afgelope aantal jare by ons aangesluit het. Ons kinder- en tienerbediening het geweldig gegroei in getalle; daarom dat ons ons kinderbediening vanjaar gelys het as een van die fokusareas van ons bedieninge. In 'n poging om hierdie fokusbehoefte aan te spreek, het ons besluit om graadgroepbyeenkomste te hou waar ons ouers met hulle kinders saam in 'n Familiediensopset bedien en toerus.

Ons eerste byeenkoms van hierdie aard was op Sondag 20 Augustus. Die graad 1- en 2 -leerders het saam met hulle ouers hierdie byeenkoms in een van die Kweekskoollokale bygewoon. Ons is opgewonde oor die meer as 20 gesinne (altesaam 100 mense) wat hierdie geleentheid bygewoon het.

**Doel van die byeenkomste**

- ⊕ Ons wil hê ouers moet mekaar *raaksien*, en ook sien wie ons kinders se maats en hulle ouers is.
- ⊕ Ons wil ouers en kinders 'n ervaring van 'n Huisgeloofbyeenkoms gee.
- ⊕ Ons wil ouers bemagtig om Huisgeloofbyeenkomste by hulle huise te hou.

**Waaroor gaan *Huisgeloof*?**

*Huisgeloof* is die hou van geloofsbyeenkomste tuis waar ons oefen om God se teenwoordigheid oral en elke oomblik raak te sien en te ervaar (*Practising the presence of God*).

In 'n onlangse doopgesprek vra ek ouers die onverwagte vraag: *wat leer julle kinders júlle oor geloof?* Die een ouer sê toe dat sy kinders hom leer om te STOP binne sy besige program en om weer die gewone, eenvoudige goed raak te sien. 'n Ander paartjie antwoord: *Ons het kinders gekry sodat óns kan grootword, sodat ons kan groei.*

En dit is presies wat in die *Huisgeloofbyeenkomste* gebeur. Hier druk ons die "*pause*"-knoppie, STOP ons besige programme en bedrywighede, sit alle skerms en fone af. Dit is: ons skakel af van ons gewone gang sodat ons met onsself en met God kan *aanskakel.*

Die Huisgeloofruimte word 'n stilhouplek waarin ons meer óóp raak, van mekaar leer en nader groei aan die mens wat ons moet wees en ook nader groei aan 'n groter sensitiwiteit om God se **alom**teenwoordigheid te ervaar.

In die Huisgeloofbyeenkoms werk ons met dié ritmes:

**Ons sien mekaar**
**Ons sien God**
**Ons sien die wêreld**

*Hou die eNuus dop vir ons volgende Huisgelooftoerusting-geleentheid vir die graad 3- en 4-groepe met hulle ouers.*

Jan van Zyl 0828713155





# Graad Sewes kamp uit!




Vanjaar het die graad sewes weer die Llandudno-kampeerterrein in wind en *onweer* aangedurf. Die doel van die kamp was om maats te maak, pret te hê en Jesus te leer ken as die fondament van hul komende hoërskooljare.

Die groep het onder andere ’n nagmars in die berge geniet, aan verskeie spanbou-aktiwiteite deelgeneem en aan hand van die Joshua-verhaal nagedink oor hoe hulle geloof ’n deurslaggewende rol in elk se toekoms en roeping gaan speel.

Ons bedank elkeen wat deel van die kamp was en elke ouer vir hulle bydrae om hierdie wonderlike vormingsgeleentheid moontlik te maak. Ons sien daarna uit om die pad met julle kinders tot by hulle belydenisaflegging te stap.

**Lionel Hutton, *Jeugleraar***
**Navrae: 0834402928**



# Kinderkronieke

## SIEN julle al uit na Kersfees?

Sjoe maats! Ek is seker julle is almal al net so moeg vir skool soos ek. Hierdie jaar is alweer amper op sy rug en ek droom al klaar oor die lekker lang Desembervakansie wat voorlê. Kan julle glo dat dit so ampertjies alweer Kersfees is! Net nog minder as drie maande! Dis verskriklik hoe vinnig tyd verbygaan.

Gelukkig is Kersfees vir my een van die vrolikste en spesiaalste feesvieringe in die jaar. Wonder julle ook soms hoe 'n "wit" Kersfees, soos die mense in die Noordelike Halfrond dit ervaar, vir ons sou wees? Of dink julle ons sou te koud gekry het? Ons is eintlik baie bevoorreg om darem 'n lekker Somerkersfees te kan hê met lang aande, lekker baljaartye by die see of swembad en smullekker roomys.

Maar: met al die opgewondenheid oor geskenke, musiek, liggies, eetgoed en sommer net lekker samesyn, vergeet ons soms 'n bietjie waaroor Kersfees rêrig gaan. Elke ietsie van Kersfees het simboliek daaragter. As ons aan Kersfees dink, dan dink ons aan die kleure **rooi** en **groen** en soms ook **silwer** en **goud**. Die **kleure** beteken wel ook iets, dis nie net sommer kleure wat mense gekies het nie. Die groen beteken die ewige lewe en rooi simboliseer die bloed van Jesus toe hy aan die kruis gesterf het. Die goud en silwer is koninklike kleure.

Ons sien baie dikwels ook sterre en klokkies wat ons aan die kersbome kan hang. Die **ster** simboliseer die ster van Bethlehem wat die wyse manne na die stal gelei het en die **klokke** simboliseer 'n nuwe seisoen van genade en dit kondig die geboorte van Christus aan. Luister bietjie Kersoggend na die juigende, beierende geskal van ons eie Moederkerk se klokke.

Ek is seker daarvan julle het ook al die **kranse** tydens die Adventtyd gesien en die kerse wat hul voor by die preekstoel aansteek. *Advent* beteken "koms" in Latyn. Van 1 Desember af wag ons al op die koms van ons Here Jesus. Elkeen van hierdie dinge het ook 'n betekenis. Is dit nie wonderlik nie? Die krans is mos sirkelvormig en ons almal weet 'n sirkel het nie 'n einde nie. Dus simboliseer die krans die ewige liefde wat Jesus vir ons het en ook die Ewige Lewe wat hy vir ons verwerf het. Die **kerse** (drie wit of pers kerse en een pienke) laat ons ook sommer aan die helder Bethlehemster se lig dink. Elke kers het 'n naam en stel iets voor.

Vanjaar begin Advent op 3 Desember. Ons steek die eerste Adventkers dan op. Dis die kers van **Profesie** en dit simboliseer ons **Hoop** op Jesus. Die tweede Sondag is 10 Desember waar die **Bethlehem**-kers ons vertel van **Vrede**. Die **Skaapwagters** se **pienk** kers op 17 Desember verkondig **Vreugde**. En op die dag voor Kersfees steek ons die laaste wit (of pers) kers aan. Dis die kers van die **Engele** wat **Liefde** simboliseer.

Natuurlik is **geskenke** kry ook lekker op Kersdag, maar ons moet mooi oppas dat dit nie al is waarop ons fokus nie. Ons moet onsself daaraan herinner dat die eerste Kersgeskenke die wyse manne se gawes was wat hul gebring het om Jesus by sy geboorte te vereer. **Goud** stel sy Koningskap voor, **wierook** is die teken van sy Priesterskap – hy bring versoening tussen God en mense. En die **mirre**? Dit het vooruitgewys na sy kruisdood, begrawing en opstanding.

Jesus bring die Ewige Lewe!

Sjoe! Dit voel vir my ek kyk sommer nou heel anders na Kersfees as net na die prentjies wat ons soms in die winkels of op televisie sien. Ek dink as ons almal na die dieper betekenis van Kersfees kyk en dink waaroor dit rêrig gaan, sal Kersfees vir ons nog baie meer spesiaal wees.

Bêre maar solank my Kersgroete tot die begin van Advent!

Seënwense en alles wat mooi is!

Tannie Marianca
(Chippie se Sekretaresse)

# Kleuterkerk



## Kleutertekeninge; “Maria sien die Engel”









Martjie Malan het, in opdrag van die Redaksie, en as voortsetting van die Kerk se tema “*SIEN,*” die verhaal van die verskyning van die engel aan Maria vir die Moederkerk se Kleuterkerklidmate voorgehou met opdrag: “Teken dit!”. Hierbo is verskeie van die jong kunstenaars aan die werk, en enkele afdrukke van hulle siening van die Bybelverhaal.

Kuns as aanbiddingsvorm is reeds eeue oud. Red.

